MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

19 SEPTEMBER 2011

Verwyder albatrosse eens en vir altyd in landsbelang - CDP

"Ons doen 'n baie ernstige beroep op pres. Jacob Zuma om nie nou die bal te laat val terwyl daar belowende aanduidings is dat van die albatrosse wat die land lank om die nek saampiekel, nou einde ten laaste aangespreek gaan word nie," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP). "Ons dink veral aan die volgende:

- Dat die Kommissie van ondersoek na die wapenskandaal behoorlik saamgestel en bemagtig word om die saak tot op die been oop te vlek.
- Dat die Imvume-sage nou vir eens en vir altyd behoorlik deur die Openbare Beskermer (OB) ondersoek word en alle los drade in die ope herstel word.
- Dat ernstig oor die inligtingswetsontwerp besin word sodat dit eerder as instrument kan dien om korrupsie te beveg as om dit toe te smeer.
- Dat die ANC berus by die haatspraak-uitspraak van die gelykheidshof teen Julius Malema
- Dat nie langer voete gesleep word met die OB se ondersoek na die polisie se huurooreenkomste nie.
- Dat 'n voorbeeld van moraliteit gestel word, eerder as dat Suid-Afrikaners moet lees die president neem sy verloofde op 'n ampsbesoek saam terwyl een van sy amptelike vroue haarself saamgenooi het.
- Boonop kook dit blykbaar in die spioenasiedienste wat glo nie alles binne die wetlike raamwerk doen nie. Veral berigte oor politieke gedienstigheid is ontstellend.

"Die publiek is, geoordeel aan die reaksie op verskeie fronte soos die internet, buitengewoon gepolariseer en ontnugter met die ANC, sowel as met die land. Daar is openlike oproepe om die wapen uit selfverdediging teen Malema en sy trawante op te neem, terwyl 'n groot aantal sê hulle het nou die handdoek met die land ingegooi.

"Die CDP voel dat die land en sy mense duidelik nie die huidige leierskap, of dan gebrek daaraan, kan bekostig nie."

Remove albatrosses once and for all in the interest of SA – CDP

"The Christian Democratic Party urgently appeals to Pres. Jacob Zuma not to drop the ball amidst promising indications that some of the albatrosses hanging around the countries' neck will at long last be dealt with." says Christian Democratic Party (CDP) leader, Theunis Botha. "The CDP has the following in mind:

- That the Commission of enquiry into the arms scandal be properly constituted and mandated to uncover all wrongdoing.
- That the Imvume saga now be resolved once and for all and that the Public Protector (PP) be allowed to publically tie up all loose ends.
- That the Information Bill be revisited and revised so that it becomes a powerful instrument in combating corruption rather than a cover up mechanism for corruption.
- That the ANC abides by the hate speech judgement involving Julius Malema
- That the President makes haste with the PP's findings on the rental agreements of the SAPS
- That an example be set on morality rather than South Africans having to read that the President takes his fiancée along on an official visit, with one of his wives inviting herself.
- Another area of concern is the spy services, where everything was apparently not done according to law. Especially when it comes to reports of political interference.

"According to public reaction on several fronts including the internet, it would appear that the country has been polarised and upset with the ANC, resulting in many being disillusioned with the country. There has been overt calls for armed self protection against Malema and his cadres, with many indicating that they have thrown in the towel when it comes to what is happening in the country.
"The CDP feels that the country can no longer afford the present leadership, or the absence thereof."